


# EET DIE BROOD IN afwagting

Die Pinksterfees het in die Bybel verskillende name. Een daarvan, en seker tot vandag toe die mees algemeen in Joodse kringe, is *Shavuot* - Die Fees van die Weke.

Die fees word nie vir weke lank gevier nie, maar slegs op een dag, en daarom het die weke wat dit voorafgaan 'n ander funksie. Die Here gee die opdrag dat die volk vanaf die eerste dag ná die Sabbatdag ná Paasfees 49 dae moet aftel en dan op die 50ste dag hierdie fees vier.

Die Here het hierdie fees geskep met 'n gevoel van opgewondenheid en afwagting ingebou. Geen ander fees word met die opdrag om die dae voor die tyd af te tel gevier nie.

Die Here wou hê dat sy kinders moes opgewonde raak oor hierdie fees. Wat maak jou opgewonde? Wat is daar in jou lewe waarvoor jy nog die slapies aftel? Wanneer ons so opgewonde is oor 'n groot gebeurtenis wat oppad is dat ons die dae begin aftel dan het dit 'n invloed op ons daaglikse fokus en ons aktiwiteite, omdat ons die heeltyt daaraan dink en onsself voorberei vir hierdie gebeurtenis.

Wat sou gebeur as ons Christelike feesdae ons weer met soveel opgewondenheid vul dat ons die dae begin aftel? Hoe anders sal ons verhouding met die Here nie lyk as ons 'n paar keer per jaar ons fokus op hierdie manier op God instel nie...?

# Persoonlike Stilltetyd

BLY GEWORTEL

**OGGEND:**

Gebruik een van die stiltetyd metodes (bl. 4 in verlede week se boekie) om een van die week se Bybeltekste wat op die volgende bladsye verskyn te lees en skryf jou gedagtes neer.

Ons tel met afwagting die dae af tot en met Pinksterfees en lees elke dag 'n teks wat ons help om die betekenis daarvan beter te verstaan.

Ma

Di

Wo

Do

Vr

Sa

So

**AAND:**

Gebruik die riglyne op bl. 3 (in week 1 se boekie) om na te dink oor jou dag en met die Here daaroor te praat.


Praat vanaand met die Here oor dit wat jou opgewonde maak.
Wat is daar in jou lewe waarvoor jy net nie meer langer kan wag nie? Praat ook met Hom oor daai ding wat jy al so lank voor wag dat jy nie meer die dae eers kan tel nie. Dalk is jy op 'n plek waar jy voel dat jy weer iets kort om oor opgewonde te raak. Gesels met die Here daaroor.



# Skriflesings

## LEVITIKUS 23:15-22

[15]"Van die dag ná die sabbat af, die
dag waarop julle die are as
beweegoffer vir die Here aanbied,
moet julle sewe volle weke tel. [16]Die
dag ná die sewende sabbat, op die
vyftigste dag, moet julle vir die Here
'n graanoffer bring uit die pas
geoeste graan. [17]Elke gesin moet
twee brode vir 'n beweegoffer na die
heiligdom toe bring. Dit moet van
drie kilogram meel met suurdeeg
gebak wees en is 'n gawe aan die
Here uit die eerste opbrengs van die
oes. [18]Behalwe al die brode moet
daar ook sewe jaaroud lammers
sonder liggaamsgebrek, 'n jong bul
en twee ramme gebring word. Hulle
moet as brandoffers aan die Here
gebring word met die graanoffer en
die drankoffers wat daarby behoort.
Dit is 'n offer wat deur My, die Here,
aanvaar word. [19]Julle moet ook 'n
bokram as sondeoffer bring en twee
jaaroud lammers as maaltydoffer.
[20]Die priester moet die twee
lammers saam met die brode uit die
eerste opbrengs van die oes as
beweegoffer vir die Here aanbied. Dit
is 'n gewyde gawe aan die Here en
dit kom die priesters toe. [21]Op hierdie
dag moet julle 'n gewyde byeenkoms
hou. Niemand mag dan werk nie. Dit
moet vir altyd 'n vaste instelling
wees, waar julle of julle nageslag ook
al woon.
[22]"Wanneer julle julle lande oes, moet
julle nie die wenakkers afoes of die
are wat bly lê, optel nie. Julle moet
dit los vir die armes en die
vreemdelinge. Ek is die Here julle
God."



## PSALM 67

1 Vir die ·musiekleier. Met snarespel. 'n Psalm. 'n Lied.
2 Mag God ons genadig wees
en ons seën;
mag Hy die lig van sy aangesig
by ons laat skyn.
·Sela
3 Mag U pad op die aarde bekend wees,
u verlossing onder al die nasies.
4 Mag volke U prys, o God,
mag al die volke U prys.
5 Mag nasies bly wees en jubel,
want U oordeel volke billik;
en nasies, mag U hulle
op die aarde lei.
Sela
6 Mag volke U prys, o God,
mag al die volke U prys.
7 Die aarde het sy opbrengs gelewer.
Mag God, ons God, ons seën.
8 Mag God ons seën,
sodat al die uithoeke van die aarde
vir Hom ontsag sal hê.

Hier is moderne 'n voorbeeld van 'n *Omer*-teller waarmee Joodse gelowiges die dae sou aftel tot en met Pinksterfees.

Die Hebreeuse gebed daarop word elke dag gebid wanneer die volgende dag gemerk word.

Dit kan vertaal word in Afrikaans met:
***Geseënd is U, Here ons God, Koning van die heelal, wat ons geheilig het deur sy gebooie deur ons te beveel om die omer te tel.***



**Deel met mekaar:**

- Watter gebeurtenis in die nabye toekoms maak jou tans baie opgewonde?
- Wat is daar wat ons as gesin baie opgewonde maak waarvoor ons saam kan slapies aftel?

**Bid saam:**

- Hou 'n 'popcorn' gebed. Dit is waar elkeen 'n beurt kry om te bid al is dit net een sinnetjie.

**Luister, lees en gesels:**

- Lees **Psalm 67** hardop saam. As daar meer as een vertaling (Afrikaans of Engels) naby is, lees die teks gerus in 'n ander vertaling ook.
- Laat elkeen die teksgedeelte stil op hulle eie weer deurlees.
- Vertel vir mekaar wat elkeen in die teks hoor/oplet/oor wonder.

**Vragies vir die gesin:**

- Wat beteken die woord "afwagting" vir jou?
- Hoe voel jy oor die feit dat Jesus weer gaan terugkom?
- Ons kan nie die dae aftel nie, want ons weet nie wanneer Jesus weer kom nie, maar wat dink jy kan ons as gelowiges elke dag doen in afwagting vir die wederkoms?

**Uitdaging vir die week:**

Wees kreatief. Daar is van hierdie Sondag 23 April af nog 36 dae oor tot en met Pinksterfees op 28 Mei. Ons beplan 'n groot feesdiens en 'n baie spesiale Nagmaal vir daardie aand. Dink aan 'n manier hoe julle as gesin hierdie dae visueel kan aftel om saam opgewonde te raak daaroor.

Bid hierdie week elke aand hierdie gebed:

> "***Geseënd is U, Here ons God, Koning van die heelal, wat ons geheilig het deur sy gebooie deur ons te beveel om die dae tot en met U feesdag te tel.*** **Amen.**"

